Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

15 Maart 2015

OGGENDDIENS: Teologiese student
Banie van der Walt

Ons verwelkom vir Banie, 'n finalejaar teologiese student, wat vanmôre hier by ons die erediens lei. Baie welkom ook aan die teologiese professore wat saam met hom hier is. Heelwat lidmate asook ons twee predikante hou vanmôre erediens by die gemeentekamp.

Skriflesing: Jesaja 46
Teksvers: Jesaja 46:8 en 9
Tema: Dink aan die verlede en besef:
God het geen gelyke nie!

Ontmoetingsdiens
Votum & Groetseën; Sing: Ps 33-1:1, 2 & 11; 11; Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet: Eks 20; Antwoord op die wet: Sing Sb 9-3:1, 2; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps 115-1:4, 5, 6 en 7 Kleuterbediening verdaag; Woordverklaring

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps 146-1:2, 3 en 8; Seën; Amenlied Sb 13-1.

GROEPBEDIENING
Ons kleingroepe kry vanaand die geleentheid om te vergader.

Daar vergader 'n groep om 18:00 by die kerkgebou onder leiding van ds Piet. Bring Bybel en Psalmboek saam.

MEELEWING

- Rina Snyman (Groep 28 – 076 795 9956) gaan Maandag vir 'n breukoperasie in Medi-kliniek.
- Oom Jorrie Jordaan (Groep 38 – 082 375 7666) het geval en sy been gebreek, die been is geheg met plate en skroewe en hy sterk nog aan in Medi-kliniek.
- Pieter Lessing (Groep 24 – 082 375 4078) het 'n skoueroperasie gehad en sterk aan in Mooimed.
- Hans en Elma Leijenaar (Groep 39 – 082 398 2874) se seun, Cor, was in 'n fietsongeluk betrokke en het 'n operasie ondergaan.
- Ans Viljoen (Groep 28 – 082 681 1310) se seun en kleinseun worstel al 'n paar jaar met kanker en die situasie verswak met die tyd. Die kleinseun se been moet binnekort as gevolg van die kanker ge-amputeer word.
- June Kruger (Groep 28 – 082 853 1463) het die afgelope week gehoor dat sy, buiten die verwydering van 'n vergroeisel aan haar rug, ook 'n fusie aan twee werwels moet ondergaan.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Sannie Reyneke, Filina Coetsee, Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Laura Opperman, Adrie de Kock en Kosie Kruger.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:

siekes@oosdoppers.co.za;
Anna Smith (084 431 8476);
Marique Reichel (082 657 4508)

BAIE GELUK

Elmien Halgryn en Hennie Halgryn het ’n kleinseun ryker geword – mag hy vir julle baie vreugde verskaf.

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Ds Piet is van Maandag tot Woensdag-middag uitstedig met deputatewerk in Randburg.

Vandag

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Tee en Koffie
Kleuterbediening
Katkisasie - 8
18:00 Groepbediening

Maandag

17:15 Katkisasie Gr 11
17:15 Maandtelling Finansdiensgroep
18:00 Oosdopperfees-DG vergader

Dinsdag

06:00 Manne Ondersteuningsgroep aan huis van Koot vd Walt
16:30 Geen Katkisasie Gr 8
18:30 Ouderlinge gebedsgroep

Woensdag

09:30 Geen Bybelstudie nie
17:15 Katkisasie gr 10
Geen Katkisasie vir gr 9
18:30 Gebed en Ondersteuning
19:00 Bybelstudie

Donderdag

09:30 Kleingroep: Elim

Volgende Sondag

8:30 Ouderlingvergadering
9:30 Nagmaal
Gemeentevergadering oor Begroting 2015 – 2016
12:00 Nagmaalete

Kennisgewing van vergadering van die kerkraad met die gemeente

Lidmate moet kennis neem van ’n vergadering wat die kerkraad met die gemeente wil hou direk na die erediens volgende Sondag insake die gemeente se begroting vir die volgende boekjaar. Lidmate word versoek om die vergadering by te woon in die lig van noodsaaklike inligting wat elke lidmaat moet ontvang.

Bult INKYK – dwelms op die Bult

Gereformeerde Kerk Die Bult reël ’n gesamentlike aksie vir ons hoërskool-kinders en hulle ouers vir Sondagaand 22 Maart om 18:00 - ’n Bult INKYK-aksie.

Ons wil graag INKYK:

- op wat in ons gemeenskap aangaan. Hierdie keer het ons lede van die Gemeenskapspolisieërings-forum(GPF) genooi om bewus-making te doen oor dwelms op die Bult.
- op wat die Here in sy Woord sê. Ons wil graag as gelowiges die Here saam aanbid en vanuit sy Woord perspektief op ons omstandighede kry.
- op hoe ons kan reageer. Ons hoop om beter te verstaan, wat op die Bult aangaan, sodat ons vir ons en

al die mense van die Bult kan bid. Ons wil graag ’n veilige ruimte gee waar ons en alle mense die evangelie kan hoor en in egte verhoudings beleef.

Kom wees deel van hierdie Bult INKYK. Ons wil besonderlik ons hoërskoolkinders en hulle ouers na hierdie geleentheid nooi.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 15 Maart

Br Werner Pheiffer	071 436 9066

Dinsdag, 17 Maart

Br Andreas Alberts	084 707 2968

Woensdag, 18 Maart

Br Hugo Huisman	084 548 2714
Sr Hettie Snyman (76)	018 290 6562

Donderdag, 19 Maart

Sr Alfrieda Pretorius	083 660 5334

Vrydag, 20 Maart

Sr Jana Ferreira	083 501 4200
Br Faan Oelofse	084 620 0326
Sr Louisa vd Walt	083 475 7304

Saterdag, 21 Maart

Sr Hanlie Bezuidenhout	082 335 3304
Br Botha vd Schyff	083 276 2187

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawe volgende Sondag vir die Voorsieningsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Groep 37 en 38.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

In die Skuur beskikbaar vir almal wat daarop ingeteken is.

KENNISGEWINGBORD

- Dienssentrum vir Bejaardes: Vonkeltee-geleentheid.
- Seychelles Uitreikete.
- Pos beskikbaar by die TSP: Assistent van die Rektor.

VERSOEK VAN DIE VLEISKOMITEE

Indien daar gemeentelede is wat graag vir ons Oosdopperfees se verkoping lewende hawe (beeste, skape, varke, wild) kan skenk, sal dit opreg waardeer word. Ons benodig ook skenkings van die swart plastiese houers waarin vee-lek gewoonlik verkoop word. Diegene wat kan help, kontak asb. vir Michiel de Kock (082 857 8619) of Pieter Lourens (072 113 4961) of enige ander lid van die vleiskomitee. Baie dankie. Ons maak staat op u ondersteuning!

Die Vleiskomitee

ORRELISTE POS VAKANT

Bekwame orrelis gesoek om begeleiding Sondagoggende (10:30 – 11:30) in die Gereformeerde Kerk Cachet te behartig.

Maandelikse vergoeding, selfs in universiteitsvakansietye wanneer gemeente nie aktief is nie. Sluitingsdatum 27 Maart 2015.

Kontak dr Frans Minnie – 082 787 4583

KONINGSKINDERS GAAN KAMP

Die Koningskinders kamp vanaf 27 Maart – 2 April. Hulle benodig nog eetgoed, finansiële ondersteuning en mense wat as groepleiers kan optree.

Kontak vir Elmien Halgryn (083 566 7683) as u kan help asb.

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent C Botha [Chris] na Nylstroom

Susters

Hand 2:46 – 47a

"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap in alle eenvoud geëet en God geprys."

Dankie aan elke suster vir haar dienswerk in onsHere se kerk

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Christa Pienaar (groep 21), Shantell Andersen (groep 35) en Anine Korb (groep 36).
Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word verkry uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) en die fondse wat geïn word tydens fondsinsamelingsgeleenthede. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.
Kyk gerus uit vir ons **bruin koevert waarin jy jou sustersbydrae** kan sit en in die kluis kan gooi! (Beskikbaar op die tafel in die kerk se portaal en ook in die skuur se portaal)

NAGMAAL-ETE

Almal word hartlik uitgenooi na ons Nagmaal-ete, Sondag 22 Maart. Besprekingslys is in die voorportaal van die Skuur of bespreek en betaal by die kerkkantoor.
R35 p/persoon (R15 Laerskool kinders). Besprekings sluit Donderdag 19 Maart.
Spyskaart: 2 vleisgeregte, pastaslaai, aartappelslaai, wortelslaai, mengel/uitpakslaai

BELANGRIKE DATUMS DIE MAAND

Sondag, 22 Maart - Nagmaal-ete - Blok B

Baie dankie aan ons borg van die week!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

OOSDOPPERTJIES

Nuus uit die Bybelkoerant

NATUUR WREED VERSTEUR, WAARSKU KENNER

EDEN – ’n Bekende natuurkenner, dr. Eko Loog, het gister gewaarsku dat die gevolge van Adam en Eva se sonde ’n ernstige gevaar vir die natuur inhou. Hy het daarop gewys dat die fyn ekologiese balans nou versteur is, en dat die mens in die toekoms die natuur fyn sal moet dophou om te voorkom dat die aarde uitgeput raak.
Lees hiervan in Genesis 3:17-19

Het jy geweet?

Weet julle hoekom ons die “Bybel” so noem?
Dié naam kom van die Griekse woord “biblia” af, wat ‘boeke’ beteken·· Hierdie Boek is 66 boeke wat saam gebundel is, en ons verdeel dit in 2 groepe· Die eerste 39 boeke is een groep wat die Ou Testament genoem word, en die laaste 27 boeke is die ander groep, wat Nuwe Testament genoem word·



Vra vir Pappa of Mamma om jou te help, dan soek jy die name in jou Bybel in Afrikaans op·